

‘n Bybelstudiemetode

Net soos jy nie kan ophou eet en drink en ter selfde tyd bly leef nie, so moet ons ook nie dink dat ons nie nodig het om die Bybel te bestudeer nie. Daarom sê Jesus:

“Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.” (Joh. 6:27)

Deur die Bybel te bestudeer kry ons broodnodige geestelike voedsel.

Hierdie is ‘n Bybelstudiemetode waarmee jy sinvol deur die Bybel kan werk sodat jy in jou geloof kan groei. Dit werk die beste om jou gedagtes neer te skryf.

Lees ‘n gedeelte en vra jouself die volgende vrae met die doel om oor die spesifieke gedeelte te mediteer.

1. Godsopenbaring

a. Vader

Leer hierdie gedeelte my iets van die Vader?

(Onthou dat elke gedeelte wat jy gaan leer nie noodwendig vir jou iets sal leer oor al drie persone in die Drie-eenheid nie.)

b. Seun

Leer hierdie gedeelte my iets van die Seun?

c. Heilige Gees

Leer hierdie gedeelte my iets van die Heilige Gees?

2. Belydenis

a. Wat is die sonde en wat moet ons doen?

Sekere gedeeltes handel oor die sonde waarmee ons te doen kry in die lewe, terwyl ander gedeeltes handel oor dit wat God van ons verwag. Kry daarom die een en sê dan ook wat die ander een is.

Indien die gedeelte byvoorbeeld handel oor Absalom, wat sy pa Dawid wil doodmaak, dan handel die sonde oor ongehoorsaam! Dan moet jy jousef vra wat van jou as Christen verwag word. Een moontlike antwoord is dan dat jy jou ouers moet eer?

b. Hoe kan ek self met die sonde assosieer?

Hier is dit belangrik dat jy aan voorbeelde dink waar 'n mens met hierdie sonde te doen kry en waar dit dalk moeilik is om gehoorsaam aan hierdie opdrag te wees.

c. Wat is die rede daarvoor dat ons die sonde doen?

Hierdie vraag is baie belangrik en dit sal goed wees indien jy genoeg tyd hieraan spandeer. 'n Voorbeeld: Die sonde wat jy in jou lewe identifiseer is dalk 'n kort humeur en die oplossing is om meer geduldig te wees. Nou is die vraag hoekom jy in sekere situasies jou humeur verloor. Wat is agter daardie aggressie?

3. Christus, die volmaakte voorbeeld

Vra jousef af hoe Jesus in hierdie verband die volmaakte voorbeeld is? Hier is dit belangrik dat jy die Nuwe Testament baie goed ken.

4. Christus, die motivering

Om 'n antwoord op hierdie vraag te kan kry, moet jy gaan kyk na jou antwoorde by vraag 2.

As die sonde jou kort humeur is en die rede daarvoor dalk die feit is dat jy voel mense verwerp jou, dan moet jy hier nadink oor hoe jou verlossing in Christus dit verander.

'n Moontlike antwoord op hierdie voorbeeld kan wees dat Jesus ons volkome aanvaar en daarom het ons nie meer nodig om vas te kyk in mense se opinies nie.

GEBED:

Die volgende stap is dan jou gebed. Gebed is 'n integrale deel van jou Bybelstudie en daarom is dit belangrik om die inligting wat jy nou versamel het, ook in jou gebed te gebruik. Dit werk dan soos volg.

Lofprysing

In jou lofprijsing gebruik jy die inligting in punt 1. Loof die Here oor hierdie eienskappe van Hom, waarop Hy jou in hierdie teksgedeelte wys.

Belydenis

Met die Belydenis gebruik jy die inligting wat aan jou in punt 2 geopenbaar is. Bely die diepte van jou sonde en in besonder ook die rede waarom jy geneig is om daardie sonde doen.

Smeking

Hier maak jy al jou geestelike en fisiese nood aan die Here bekend. Verder dra jy ook ander aan die Here op en vra die Here om jou te help met al daardie dinge wat swaar op jou hart lê.

Danksegging

Ten opsigte van die danksegging kan jy fokus op die inligting wat jy onder punt 3 & 4 versamel het.

Hier is 'n raamwerk wat jy kan gebruik.

<u>Godsopenbaring</u>	<u>Die sonde</u>	<u>Jesus die Christus</u>
Vader:	Wat is die sonde?	Jesus as volmaakte voorbeeld!
Seun:	Wat moet ek doen?	
	Hoe assosieer ek met die sonde?	Jesus, die oplossing!
Heilige Gees:	Wat is die rede vir die sonde?	